Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 13 November 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: 1 Joh 2: 12-17.

Fokus: 1 Joh 2: 15-17 (OAV).

Oorwin wêreldliefde met vertroue in God se liefde.

Omgee:

- Isébel Macleod het ‘n kwaadaardige gewas in haar lewer.
- Martie Ackerman ontvang chemo behandeling.
- Chatye Rensburg is ook met kanker gediagnoseer.
- Jacques Moolman se pa is met ‘n gewas op die brein gediagnoseer en ontvang chemo behandeling.
- Oom Johan Steyn se kanker het versprei na sy buik en hy gaan vir bestraling.
- Marie van der Merwe ervaar ergere buikpyne.
- Marcel Ackerman is aangewys as dux-leerling en ook spesiaal vermeld vir ‘n gemiddeld bo 90% dwarsdeur die jaar! Baie geluk.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☼

- **Aanderediens** vandag om 17:30.
- **Volgende Sondag om 09:00 vier ons gemeente Nagmaal.**
- Bergbron **Kerssangdiens DV Sondag 27 November om 18h00**. Nooi familie en vriende uit na ons Kerssangdiens!
- Die **Gesinne-selgroep** behandel weer vanoggend (13 Nov) na die erediens 'n kursus wat handel oor jou skeppingsdoel van Bruce Wilkinson ("You were born for this"). Enigiemand is welkom om dit by te woon.
- Die **diakens vergader vanoggend** na die erediens in die kuierkamer.
- Die **Herderlike ouderlinge vergader DV Dinsdagaand** (15 Nov) om 19:00 in die kuierkamer.
- **Tee/koffie skinkbeurte – vandag** skink Groep 1, Susan Botha, Mariëtte, Annette en Maureen. Volgende Sondag is dit Nagmaal en skink ons nie tee/koffie nie.
- **Albertina,** wat jare vir oom Hendrik gewerk het, soek dringend nog stukwerk – (079 657 2479) of sê vir Ankie.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Die Lewende Woord vir Jou Vandag 🕮

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: 1 Joh 2: 12-17.
Fokus: 1 Joh 2: 15-17 (OAV).
Oorwin wêreldliefde (losbandigheid, gierigheid en hoogmoed) met vertroue in God se liefde.

- Liefde vir God en liefde vir die wêreldse dinge sluit mekaar uit.
- Wêreldse dinge bestaan hoofsaaklik uit die volgende kragte: losbandigheid, gierigheid en hoogmoed (vers 16).
- Ongeloof is die oorsaak dat hierdie wêreldse dinge ook in die kerk werksaam is.
- Godsdienstigheid kan nie die liefde vir wêreldse dinge oorwin nie (vgl Kol 2: 20-23).
- Oorwin wêreldliefde deur God die Vader se liefde in Jesus – deur te funksioneer in die teenoorgestelde Gees en sy vrug.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Wat bedoel Johannes met wêreldse dinge?
- Wat laat kerkmense val vir die liefde vir wêreldse dinge?
- Wat is die drie teenoorgestelde vrug van die Gees vir wêreldse dinge?

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

14/11	CHARL TRUTER	071 484 0132	
17/11	MATTHEW BRUMMER	071 153 0649	
17/11	HANNES PIENAAR	082 601 3508	
19/11	GERT VAN BERGEN	079 568 3652	011 673 3813

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebed: Dag van verootmoediging (verneder) en gebed

1. Sondebelydenis

Een van die vernaamste voorwaardes en eise vir gebed is dat die bidder se lewe skoon sal wees. Hy moet alle bewuste, onbelyde sonde bely en daarmee breek; dit laat staan.

Enige vorm van sonde verhinder gebed. Daaroor is Psalm 66:18 en Jesaja 59:1-2 baie duidelik.

Dit is baie belangrik dat ons vanuit 'n rein hart tot God sal bid. Vra die Heilige Gees om jou sensitief te maak, sodat jy kan weet watter dinge daar in jou lewe is wat jy voor die Here moet bely. Dit is ook belangrik om sonde uit jou verlede deeglik te bely.

2. Gebedsbyeenkomste

Geen gemeente kan dit bekostig om nie ‘n vaste gebedsbyeenkoms te hê nie. Die gebedsbyeenkoms is onontbeerlik vir die kerk. Daar moet gereelde en vaste tye vir gebed in elke gemeente wees.

3. Gebedsteikens

Dit is belangrik om te besin oor die omvang van dit waarvoor ons moet bid. Ons moet verstaan wat die omvang van ons taak in gebedsoorlogvoering is. Kyk byvoorbeeld net na Efesiërs 6:18 waar daar staan: "Terwyl julle met alle gebed en alle smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en alle smeking vir al die heiliges."

Daar is 'n sekere aantal dinge wat altyd deel uitmaak van ons gebedsagenda. Dit beteken nie dat ons elke dag oor al hierdie sake sal kan bid nie. Maar in die siklus van 'n week behoort hierdie sake op een of ander manier na vore te kom in jou gebedstyd.

Opsommend lyk dit so:

- Self
- Gesin/Familie
- Gemeente en Geestelike Leiers
- Dorp/Stad
- Land/Regering/Onbereikte groepe in die land

- Wêreld/Onbereikte groepe en spesifieke lande. Groot onbereikte blokke mense soos bv. Moslems, Hindoes, Boeddhiste, Ateïste (insluitende humanisme en materialisme).

Voorbidding vir Imke Geldenhuys

Ons haal ‘n gedeelte aan uit ‘n boodskap van Imke se mammie: ” Moet asb. nie ophou bid nie…hou asb. aan om saam met ons in geloof te staan vir ons warrior Angelface. Spreek lewe.

Here, dit is nie moontlik sonder U nie. Hou ons Imke sterk… en dankie vir U genesende krag en dat U ons dra elke dag.” Imke is tans baie swak .

Foto geneem van haar pappa se facebook blad. Opgesit op 5 November 2016.

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug en Koster – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Wesley Abourizk 071 492 7395; Herman Coetzee 079 308 5404; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy ‘n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).